# PROF. DR. A. M. BROUWER AS AKADEMIESE DOSENT

Die tyding van die plotselinge dood van prof. dr. A. M. BROUWER laat die gedagtes teruggaan na 'n tydperk wat meer as twintig jaar agter ons lê: die sogenaamde „Klein Auditorium" in die universiteitsgebou te Utrecht, waar die meeste lesings vir die teoloë gegee is, verrys weer vir die geestesoog, en in die kateder, 'n byna onbeweeglike gestalte, sit en doseer die kerklike hoogleraar dr. A. M. BROUWER.

In daardie jare het hy vanweë die Nederlandse Hervormde Kerk onderwys gegee in die Bybelse teologie, die geskiedenis van die Nederlandse Hervormde Kerk en die geskiedenis van die Christelike Sending.

Die uitstaande kenmerk van sy lesings was die deeglikheid waarmee hulle voorberei was. Vir jonge studente was dit partymaal, as ons 'n paradoks mag waag, te deeglik: in strenge volgorde het feit op feit gevolg, is mening op mening van allerlei wetenskaplike outoriteite weergegee en getoets, en dit was betreklik selde dat 'n definitiewe konklusie bereik is. Die beginner op die wetenskaplike terrein het partymaal by homself die vraag voel opkom: Hoekom hoor ons nie terstond, wat die waarheid is? Waarom moet ons soveel tyd bestee aan die kennisname van opinies, wat netnou tog deur die professor weerlê sal word?

'n Jong man kon moeilik verstaan, dat dit juis een van die beste metodes was waardeur hy kon leer om nie te sweer by die mode van die dag nie, maar om 'n kritiese sin te ontwikkel en die betreklikheid van wetenskaplike opvattings te onderken. BROUWER het 'n besondere gawe gehad om agter die skynbaar objektiewe bewerings van tydgenote te ontdek wat hy graag „die wysgerige apriorisme" genoem het: die persoonlike lewensbeskouing wat die metode en resultate ook van histories en taalkundig ondersoek beïnvloed.

Daarby het hy met die uiterste noukeurigheid te werk gegaan; niemand het hom ooit daaroor kan beklaag dat BROUWER sy mening onvolledig of onbillik weergegee het nie. Die lesings van BROUWER het nooit die karakter van 'n briljante improvisasie gedra nie; selde het hy geprobeer om hulle deur 'n humoristiese opmerking te verlewendig. Eenmaal het 'n hele lesing, die volle 45 minute, bestaan uit niks anders as net 'n opsomming van die godename en ander vrywel onbegryplike formules uit die sogenaamde Mithrasliturgie wat deur A. DIETERICH gepubliseer is. Dit was net wanneer sy verontwaardiging opgewek is deur oneerlikheid en humbug dat sy voordrag 'n meer persoonlike karakter kon kry: dan het deur sy woorde partymaal 'n snydende sarkasme geklink, en wie dit gehoor het moes met bewondering dink aan die selfbeheersing van hierdie geleerde wat so selde toegegee het aan die gevaarlike gawe van vir die teenstander vernietigende spotlus.

Daar het in BROUWER twee kragte gewerk, wat mekaar gewoonlik in ewewig gehou het. Aan die eenkant was hy vermoedelik nie uit persoonlike aanleg nie, maar kragtens sy Christelike etiek, 'n ireniese figuur, wat nooit die stryd begeer het nie en van polemiek 'n afkeer gehad het; aan die ander kant het hy dit sy plig geweet om die losse bewerings van links en regs as ongefundeerde partyleuse te ontmasker. In die herinnering van sy studente leef nog altyd daardie aand, toe 'n bekende buitelandse Nieu Testamentikus van vrysinnige opvattings vir die Utrechtse studente 'n lesing gehou het, waarin ontken is dat Jesus homself as die Seun van God beskou het. Wat maar min in so'n geval voorgekom het, het BROUWER daardie aand gedoen: hy het na afloop van die lesing, toe dit tyd om vrae te stel was, self die debat geopen en in 'n skitterende improvisasie — want hy kon improviseer! — die inleier so in die nou gedryf dat hy moes vra of BROUWER nie liewer die studente aan die woord wou laat nie.

Van huis uit was BROUWER dogmenhistorikus. Die verskillende leeropdragte, wat hy in die loop van die tyd gekry het: Rektor van die Sendingsopleiding, Kerklike hoogleraar, Staatshoogleraar in die Nieu Testamentiese wetenskap — het hom 'n paar keer in 'n ander rigting gestuur. Soos dit so dikwels die geval is, het 'n

dergelike verandering van studierigting hom geen kwaad gedoen nie. Ten onregte word in lande met min akademiese ervaring partymaal gedink dat 'n geleerde net kan werk op die gebied van die vak waarin hy sy doktorsgraad behaal het.

In die loop van jare het dit wel duidelik geword, dat sy grote krag op die gebied van die eksegese en veral die Bybelse teologie gelê het. Toe hy kerklike hoogleraar was, het sy studente reeds die meeste van sy lesings in die Biblica gehou, wat prakties bestaan het uit Nieu Testamentiese studies. Daarom het dit ook niemand verwonder nie, dat na die betreurde vroeë dood van prof. Plooy, Brouwer hom as staatshoogleraar vir Nieu Testamentiese wetenskappe opgevolg het Van sy werk in hierdie nuwe posisie het die skrywer net deur sy publikasies 'n indruk kan kry, en daaruit kan mens seker wel opmaak dat tot die laaste toe die lesings van Brouwer dieselfde voortreflike kwaliteite gehou het as wat ons ruim twintig jare gelede leer bewonder het.

A. van Selms.

Pretoria, 28 Aug. 1948.